

Lees-mylpale by jou kind se ontwikkeling

- **Geskryf deur:**
Cordelia Fairlie
(*Spraak-Taalterapeut en Oudioloog*)
- **Ingestuur deur** *Tokollo Rehabilitasiespan*

Hier volg algemene mylpale riglyne vir lees en die ouderdom waarop kinders die mylpale moet bemeester. Neem in ag dat kinders teen verskillende tempos ontwikkel en dat hulle verskillende tye by elkeen van die mylpale kan spandeer. Indien u enigsins bekommerd is kan u gerus met u kind se onderwyseres, remediërende terapeut of spraak-taaltherapeut gesels. Onthou dat vroeë intervensie van kardinale belang is om leerders te help wat probleme ervaar met lees.

BABA (0 to 1 jaar)

Kinders begin gewoonlik:

- Boots klanke na wat hulle hoor
- Reageer wanneer daar met hulle gepraat word
- Kyk na prente
- Reik uit na boeke en blaai bladsye met hulp
- Reageer op stories en prente deur te vokaliseer en die prente aan te raak.

KLEUTER (Ouderdom 1-3)

Kinders begin gewoonlik:

- Antwoord vrae en identifiseer voorwerpe in die boek, bv "waar is die koei?"
- Benoem bekende prente
- Wys na benoemde prente
- Gee voor dat hulle boek lees
- Voltooi sinne in bekende stories, bv FLUIT-FLUIT ...
- Skrabel op papier
- Is bekend met die naam van boeke en identifiseer die boek deur die prent op die voorblad
- Blaai harde bladsye
- Het 'n gunsteling boek en versoek dat die boek gereeld gelees moet word.

3 JAAR +

Kinders begin gewoonlik:

- Ondersoek boeke onafhanklik
- Luister na langer stories wat gelees word
- Vertel 'n bekende storie oor
- Begin om die alfabet met hulp te sing
- Maak simbole wat "skryf" voorstel
- Boots die aksie na van boek hardop lees.

4 JAAR

Kinders begin gewoonlik:

- Herken bekende tekens en etikette, veral op borde en houers. Bv Macdonalds, Cream Soda
- Maak hulle eie rympies
- Erken en skryf sekere letters van die alfabet
- Erken (lees) hul name
- Identifiseer klanke aan die begin van woorde
- Pas sommige letters en hul klanke bymekaar
- Gebruik bekende letters om te probeer skryf.

5 JAAR:

Kinders begin gewoonlik:

- Verstaan rym en speel rym speletjies
- Pas gesproke en geskrewe woorde
- Verstaan dat geskryf van links na regs en bo na onder gelees word
- Skryf sommige letters en nommers
- Herken sommige bekende woorde
- Voorspel wat volgende in 'n storie gaan gebeur
- Vertel stories wat aan hulle gelees is oor.

GR 1 & GR 2: (6-7 JAAR)

Kinders begin gewoonlik:

- Lees bekende stories
- Klank onbekende woorde
- Gebruik prente en storie inhoud om onbekende woorde te ontsyfer.
- Gebruik eenvoudige leestekens in geskrewe taal.
- Korrigeer hulself wanneer hulle 'n fout maak wanneer hulle lees.
- Toon begrip vir die storie wat hul gelees het.

GRAAD 2 & GRAAD 3 (7-8 JAAR)

Kinders begin gewoonlik:

- Lees langer stories onafhanklik
- Lees hardop met die korrekte uitdrukings en beklemtonings
- Gebruik prente en storie inhoud om onbekende woorde te ontsyfer
- Verstaan die konsep van paragraaf en begin om dit in geskrewe taal te gebruik
- Gebruik leestekens korrek
- Eenvoudige woorde word korrek gespel.

- Skryf notas byvoorbeeld telefoon boodskappe en eposse
 - Geniet woord soek speletjies
 - Gebruik nuwe woorde, frases of figuurlike spraak wat hulle gehoor het.
- GRAAD 4 TOT GRAAD 8 (9-13 JAAR)**
- Kinders begin gewoonlik:**
- Ondersoek en verstaan verskillende tipes geskrewe materiaal byvoorbeeld fiksie, romanse, poësie
 - Lees om spesifieke inligting te verkry,

byvoorbeeld inligting uit 'n wetenskaplike boek

- Identifiseer die hoof elemente van 'n storie byvoorbeeld die tyd, plek, probleem en oplossing.
 - Lees en skryf oor 'n spesifieke onderwerp
 - Analiseer teks vir betekenis.
- Bron:
www.familieterapiecentrum.co.za

23ste opeenvolgende Sodwana toer



Vanjaar het die graad 11's van die Hoërskool Heilbron vir die 23ste opeenvolgende jaar na Sodwana vertrek. Vanaf 1 tot 6 Oktober het die leerders fees gevier op Sodwana se strand. Pynappels, "rubberduck" ritte, en "volleyball" op die strand het gesorg vir die graad 11's se kostelike herinneringe.

Heilbron Landbou jaarafsluiting



Op die foto vl: Koot Naude (Vrystaat Landbou se streek 8 verteenwoordiger), Rosé Broodryk (Sekretaresse), Cassie Müller (Heilbron Landbou Voorsitter), Hannes Myburgh Jnr. (Sekretaris van Hoogte Boerevereniging) en Faan Potgieter.

Oor die naweek het die Heilbron-distrik en ander gedeeltes van die land heerlike reën ontvang. Tydens 'n koue, nat aand op Saterdag, 13 Oktober het die Heilbron Landbou hul jaarlikse afsluiting gehou. 'n Saal vol boere, gemeenskaplede en heerlike kosse wat na die verrigtinge voorsien is, het gesorg vir 'n gesellige aand. Die verrigtinge is geopen met skriflesing en gebed deur Ds Tiaan Victor. Koot Naude (Vrystaat Landbou se streek 8 verteenwoordiger) het by die geleentheid sy dank uitgespreek teenoor instansies en persone wat lojaliteit en ondersteuning is teenoor die Landbou. So ook het hy meer inligting deur gegee in verband met al die sake waarby die Vrystaat Landbou betrokke is en wat dit vir

die boere beteken. Heilbron Landbou versoek graag die boere om hierdie organisasies ten volle te ondersteun.

Hoogte Boerevereniging het vir die soveelste jaar weer weggestap met die Boerevereniging van die jaar trofee. Die betrokke Boereverenigings word reg deur die jaar ge-evalueer waar hulle aan sekere kriteria moet voldoen om in aanmerking te kan kom vir die trofee.

Die volgende oorhandigings is deur die loop van die verrigtinge gedoen: Cassie Müller (Heilbron Landbou voorsitter) ontvang die Boerevereniging van die jaar trofee en Faan Potgieter ontvang 'n sertifikaat vir onbaatsugtige diens gelewer in die gemeenskap.



Historiese standbeelde en gedenkstekens in Heilbron

Die Heilbron Dienssentrumlede het hierdie week aandagtig geluister waartydens Quarta Pretorius vertel het van al die historiese standbeelde en gedenkstekens in Heilbron. Later die oggend, oor koek en 'n koppie tee, is kennis en ondervindings verder uitgeruil. Dit was werklik 'n leersame oggend vir die lede. Op die foto vl: Quarta Pretorius en Magdaleen van Rensburg.

TOTEM SKOOLTASSE

beskikbaar by

Herald Office National.

Sien webtuiste vir pryse & verskeidenheid

Elsstraat 44, Heilbron, 9650 www.totembags.co.za
Tel: 058 852 3033

Herald

Office
National